# Ontdek die waarde van lekaanvullings op droë weiding en stoppellande

*Deur Ronél Joubert, dierevoedingkundige, Feedtek*

Lekaanvulling is presies wat die woord sê: Dis 'n aanvulling van voedingstowwe waaraan die beskikbare weiding tekortskiet, met die doel om aan die dier se voedingsbehoefte te voldoen. Inname word gereguleer sodat slegs klein hoeveelhede op 'n slag ingeneem word. Die doel van lekaanvullings is om die bestaande weiding optimaal aan te vul.

Dis 'n maklike manier om essensiële voedingstowwe aan te vul, asook spesifieke bymiddels aan vee te verskaf. Van hierdie bymiddels sluit produkte in wat inwendige en uitwendige parasiete (insluitend bosluise en muggies) afweer, vertering en benutting van swak-gehalte weiding verbeter, en rumenbuffers wat asidose voorkom op afgeoeste lande, om slegs 'n paar te noem.

## Watter lek wanneer?

Gedurende die maande wanneer plantmateriaal hoofsaaklik groen is, voldoen dit naastenby aan die meeste vee se energie- en proteïenbehoeftes. Die meeste gebiede in Suid-Afrika is arm aan fosfaat en daarom word dit regdeur die jaar aangevul. Die fokus is op fosfaataanvulling in die groen seisoen. Soos die seisoen egter verander en die weiding begin verdroog, neem die plant se proteïen-inhoud stelselmatig af.

Daar is egter normaalweg nog genoeg ruvoer vir energie volgens die dier se behoeftes. Dit raak dan belangrik om 'n lekaanvulling met fosfaat én proteïen (sogenaamde proteïenlek) uit te sit. Later in die droë seisoen verswak die weidings se proteïen- en energie-inhoud progressief en nog later begin die weidings/stoppels min raak.

In hierdie stadium moet energie en proteïen met 'n energielek aangevul word. Die geheim is om betyds te begin, voordat vee se kondisie begin afneem. Sodoende kan langer teen 'n laer vlak aangevul word eerder as om lekaanvulling uit te stel, waarna groter hoeveelhede byvoeding vir 'n onbepaalde tyd uitgesit moet word om kondisie op te maak.

## Mineraalbehoeftes

Ander makrominerale (buiten fosfaat) soos kalsium, magnesium en swael, asook verskeie spoorminerale moet ook daagliks aangevul word. Die hoeveelheid sal egter van die seisoen en spesifieke gebied afhang.  Dit is alombekend dat mineraalbehoeftes oor die land baie wissel. Verder moet vitamiene (veral A en verkieslik ook E) aangevul word soos die seisoen van groen na droog verander.

Die opvatting bestaan dat proteïen- en energielekke saam uitgesit moet word vir die proteïen- en energietekorte wat later in die seisoen ontstaan. 'n Goed-saamgestelde energielek bevat egter genoeg proteïen, fosfaat, vitamiene en minerale om in die dier se behoeftes te voorsien indien teen die regte aanbevole innamevlakke gevoer word. 'n Energielek word so genoem omdat dit primêr, maar nie uitsluitlik nie, uit energie bestaan. Dit is onnodig om proteïenlekke saam met 'n energielek uit te sit.

## Waarom vee lekke kry

Soms word geredeneer dat diere in die natuur nie lekaanvullings kry nie, en dat dit daarom ook nie nodig is om lekaanvullings vir vee te gee nie. Hou in gedagte dat wilde diere wat vry in die natuur beweeg, tot 'n wyer verskeidenheid plante en natuurlike mineraalbronne toegang het, waar hulle die meer smaaklike plantspesies en plante met 'n beter voedingswaarde kan uitsoek.

Vee, aan die ander kant, word meer ingeperk en het normaalweg slegs beperkte toegang tot sekere tipes en hoeveelheid weiding. Lekaanvullings voorsien dus wat die vee nie uit hul weiding kan kry nie. Daar is ook baie meer druk op vee om jaarliks te reproduseer, en in die geval van kleinvee, om meerlinge te baar en boonop meer as een keer 'n jaar in sommige produksiestelsels te lam.

Verder moet vee ook maksimaal produseer (melk, wol, vleis). Stoppellande voorsien vee verreweg van die swakste gehalte ruvoer met die laagste voedingswaarde. Deur die gepaste lekaanvulling te voer, kan produksie onder dié toestande verbeter en kan gewigsverlies beperk word.

## Waarom 'n gebalanseerde lek?

Die belangrikste rede waarom lekaanvullings gevoer word, is om die rumen mikroörganismes (RMO's) te ondersteun om nie net in getalle toe te neem nie, maar ook om hulle toe te rus om so goed as moontlik te funksioneer. Dit is hierdie RMO's wat verantwoordelik is vir die vertering van ruvoer na 'n voedingsbron wat herkouers kan benut. Hoe beter die RMO's funksioneer, hoe beter is die dier se vermoë om ruvoer te benut. Soos alle lewende wesens benodig RMO's egter energie in die vorm van koolhidrate, tesame met stikstof en swael om maksimaal te funksioneer.

Daar word met goeie rede klem gelê op die aanvulling van fosfaat. Dit speel 'n belangrike rol by die omskakeling van ingeneemde voer na 'n bruikbare

energievorm vir die dier. Hierdie funksie word heeltemal onderskat – hoe meer fosfor in die bloed, hoe meer word deur speeksel uitgeskei, hoe beter funksioneer die RMO's in die rumen.

Moet ook nie vergeet dat dit een van die primêre elemente by skeletvorming is nie. In sekere Karoogebiede ontstaan groot fosfaattekorte in die droë somermaande, wat kleinvee dwing om aan dooie diere se gebeentes te kou aangesien dit 'n hoë fosfaatinhoud het. Dit verhoog die voorkoms van botulisme (lamsiekte) by kleinvee wat nie teen hierdie siekte ingeënt is nie.

Wees versigtig met die onoordeelkundige byvoeging van individuele voedingstowwe, aangesien dit in 'n baie spesifieke verhouding ingesluit moet word om die rumen optimaal te aktiveer. Die gebrek, of wanbalans, van hierdie byvoegsels sal lei tot swakker innames, voeromset en selfs vrektes, met 'n gevolglike geldelike verlies.

Deur te ruik en te proe, weet diere waarvan hulle hou, maar nie noodwendig wat hulle nodig het vir die beste produksie en gesondheid nie. Om diere 'n vrye keuse te gee tot individuele voedingstowwe is dus nie noodwendig 'n opsie nie.

## Lekblokke en loslekke

Lekaanvullings kan in die vorm van 'n lekblok of 'n loslek (meel) aangebied word, elk met sy voor en nadele. Lekblokke is beter weerbestand en lekbakke is nie nodig nie. In die geval van loslekke kan bymiddels volgens behoefte ingesluit word. 'n Voorbeeld hiervan is die insluiting van anioonsoute om blaasstene by manlike diere te voorkom op na-oes lande wat vol pitte is.

Waar groot voedingspesifieke tekorte bekend is, verleen loslekmengsels hulle tot die byvoeging van enige voedingstof, in enige hoeveelheid. Innames kan maklik op- of afwaarts gemanipuleer word deur die byvoeg of weglaat van roumateriale wat lekinname reguleer. Loslekke is ook oor die algemeen goedkoper.

Volg die volgende riglyne:

- Onthou dat lekaanvullings bestaan om spesifieke voedingstoftekorte aan te vul. Dit skep 'n balans tussen voedingstowwe, wat tot die beste moontlike benutting van die beskikbare plantmateriaal lei.
- 'n Lek moet altyd 'n aanvulling wees en nie die beskikbare voer vervang nie. Wanneer diere in kampe met beperkte droëmateriaal loop (veral teen die einde van die droë seisoen), word hulle gedwing om meer lek te vreet as wat hulle moet. Dit is 'n teken dat daar ook ruvoer by die lekaanvulling gegee moet word. Geen lek kan ruvoer vervang nie.
- Lekaanvullings moet so toegepas word dat beheerde, vrywillige lekinname op 'n konstante basis plaasvind. 'n Variasie in lekkinname onder individuele diere is 'n groot uitdaging. Daar is egter verskeie maniere om dit op te los.

Hou sover as moontlik by hierdie riglyne vir die beste resultate uit lekaanvullings met maksimum opbrengs op jou belegging. VP

Vir meer inligting, kontak Ronél Joubert by ronel@feedtek.co.za of besoek *www.feedtek.co.za*.


FEEDTEK

SPESIALIS VEEVOER KONSENTRATE



GROEI MET FEEDTEK!

Meng maklik **hoë kwaliteit** voere en lek aanvullings tuis met **Feedtek spesialis konsentrate** vir **optimale benutting** van **stoppellande** en **plaaslik geproduseerde grondstowwe**.

086 111 5362
info@feedtek.co.za
www.feedtek.co.za
Feedtek Animal Feed Solutions
feedtek_animal_feed_solutions

Jou naaste agent